

Maandag

Efe. 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Ps. 95: 1 – 7. Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees, ... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Tema: "Ons en ons kinders behoort aan een en dieselfde Here." Ons doop ons babas met net een doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hierdie doop as teken verseël hierdie babas behoort aan een Here, een Gees, een Vader, een liggaam, en daarom is hy/sy ingesluit in een hoop en geloof. Die baba wat ons doop is die Here se lammetjie of kalfie, en die Here is hulle Herder. Wat doen boere wanneer hulle skape en beeste lammetjies en kalfies kry - veral omdat diewe graag hierdie lammetjies en kalfies wil gryp en vang en vat, omdat hulle nog so klein is? Hulle merk hulle! Hierdie merk wys hierdie lammetjies en kalfies behoort aan hom as boer. Dit is syne en niemand anders s'n nie. Die merk wat ons op babas sit, is die doop met water en die Naam is die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Net soos met lammetjies en kalfies van boere wys hierdie merk ons babas behoort aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hoe weet ons, ons babas behoort aan die Here en dat hulle gemerk moet word dat hulle aan die Here behoort? Die Bybel noem hulle wat aan die Here behoort – sy volk. Efe. 3: 6. Ps. 95 sê "Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape deur sy eie hand versorg." Die hele kudde, lammetjies, ooie en ramme almal saam bymekaar behoort aan die Here! Die Here is Herder vir die hele trop, die hele kudde! Dit kan nooit só werk dat die Here net Here van die ooie en ramme, die grotes is, maar dat Hy nie Here, die Herder vir die lammetjies, die kleintjies is nie. Pa, ma en hul kleintjies behoort almal aan die Here en Hy is hul elkeen se Herder want hulle is sy kudde, sy skape wat Hy met sy eie hand versorg. Elkeen, groot en klein behoort aan Hom, en so word almal gemerk met een merkteken, een doop! Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Efe. 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Ps. 95: 1 – 7. Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees, ... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Tema: "Ons en ons kinders behoort aan een en dieselfde Here." Ingesluit in die burgerskap van Israel! Waar kry 'n babatjie burgerskap wanneer hy of sy gebore word? Hulle kry burgerskap in die gemeenskap en land waarin hulle gebore word! Daarom is daar baie ouers wat wanneer hulle sien 'n babatjie gebore gaan word na 'n land soos Amerika toe gaan sodat die babatjie in Amerika gebore kan word en dan as 'n burger van Amerika geregistreer kan word. Jy kry burgerskap in die land en gemeenskap waarin jy gebore word. Paulus stel dat hulle wat in Jesus Christus glo, medeburgers geword het van hulle wat burgerskap van God se volk, sy gemeenskap, Israel het. (Efe. 2:19, 12) Elkeen wie in Jesus Christus glo is nou saam met die gelowige Jode deel van die volk van God met burgerskap van die volk van God. (Efe. 3: 6) Jesus Christus het nie vir mense wie nie-Jode is 'n ander gemeenskap met ander burgerskap gebring nie. Christus het die geheimenis kom bekend maak dat nie-Jode nou ook burgers van die volk Israel, God se volk is. Deur jou burgerskap kry jy deel aan al die dienste en geleenthede wat 'n gemeenskap en

land aan sy burgers bied. Die Bybel noem hierdie dienste en geleenthede van die volk van God die “verbonde en beloftes” van God aan Israel.(Efe. 2:12) Hierdie verbonde en beloftes is die Herder- Koningsbelofte van die Here aan Dawid (2 Sam. 7: 11 -) en die volk-belofte van die Here in Eseg. 36: 24 en verder. Dit is die burgerskapsvoordeel wat jy kry as sy deel van die Here se kudde, sy volk is: Hy sal jou met sy eie hand versorg. En babas kry die burgerskap van hierdie volk van God waarin hulle gebore word - Ps. 95: 7. Preek beskikbaar op Google by ngkekrklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Efe. 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Ps. 95: 1 – 7. Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees,... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Tema: "Ons en ons kinders behoort aan een en dieselfde Here." Paulus noem die volk van die Here, die liggaam van Christus en hulle wat burgers van God se volk is “lede van die liggaam van Christus” (Efe. 3: 6) Die rede daarvoor is dat Jesus as MENS uit die dood uit opgestaan het en as mens hemel toe gevaar het om vir ons mens in die hemel te wees, soos Paulus dit stel: om vir ons saam met Hom 'n plek in die hemel te gee. (Efe. 1: 20 en 2: 6) Christus sluit ons in en verenig ons as mense met wie Hy as MENS in die hemel is: dié mens Jesus wie se dood, se bloed ons sondes betaal (2:13) en die mens Jesus wat ons insluit in die heiligheid, die vlekloosheid en onberispelik wie Hy as mens vandag in die hemel is. (Efe. 5: 27) Wie ingesluit is in wie Jesus as mens vandag vir hulle is, is deel van die burgerskap en al die voordele van die burgerskap van Israel. Wie ingesluit is in Jesus Christus is deel van die nuwe mensheid – mense wat onskuldig, reg, heilig en onberispelik vir God die Vader is deur Jesus Christus en burgers van sy volk is. (Efe. 2:15, 1:2). Deur ons vereniging met Christus word ons lede van die volk van God, ons en ons kinders! (1: 11) Die wyse waarmee God met kinders werk, is om hulle in te sluit in sy volk, sy kudde, sy skape en hulle te laat deel in alles wie Hy vir sy kerk is. Daarom kan ons babas merk. Paulus stel dit só: wie gewy is om aan God te behoort word met water en woord gereinig. (Efe. 2:26) Dit is wat deur die doop gebeur. Hy/sy word deur water en woord gereinig. Die water is die water waarmee ons doop en die woord is: In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die woord is die toesegging – jy ís gemerk en behoort aan een en dieselfde Vader en die Seun en die Heilige Gees as jou gelowige ouers. Ingesluit! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Efe. 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Ps. 95: 1 – 7. Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees,... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Tema: "Ons en ons kinders behoort aan een en dieselfde Here." Sogenaamde geestelikes is altyd kwaad vir die Here omdat Hy babatjies insluit in sy kudde en liggaam met burgerskap. Hulle gee vir babas slegte name wat wys hulle is nie die Here se lammetjies nie. Die Jode het dit al met die skeldnaam “onbesnedenes” gedoen en hulle self hooghartig “besnedenes” genoem. Met hierdie

skeldname het hulle gewys net hulle is in en ander wie in Jesus glo is uit. (Hand. 15:1) Hierdie skeiding tussen wie in is en wie uit is, noem Paulus die “vyandskap wat soos ’n muur skeiding maak.” Hierdie muur van skeiding is die wet van God as wyse om in die kudde ingesluit te word deur éérs gehoorsaam te wees. (Hand. 15: 4) Vandag werk hierdie muur van vyandskap tussen lammetjies en die res van die kudde van die Here só: babas as lammetjies is kamstig nog nie goed genoeg om aan een en dieselfde Vader, Here en Gees as hul ouers te behoort nie. Die slegte name wat hulle vir babas gee is 'nie-wedergebore', 'nie-bekeer', 'nie-geestelik' sonder ’n 'persoonlike verhouding met God'. Die muur wat hulle van die een en dieselfde Here, Vader en Gees skei aan wie hul ouers behoort is die wet van God: hulle moet nog éérs hul hart en lewe vir God gee, God in haar lewe innooi en met God ’n persoonlike verhouding begin. Vóór dit, staan hulle aan die anderkant van die muur van verdeeldheid – en mag hulle nie gemerk word as lammetjies van God nie. Voor babas hulself nie met gehoorsaamheid bewys het nie, mag hulle net bywoners, nie burgers en kinders van God wees nie. (Efe.2: 19, Gal. 4: 6,7) Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Efe. 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Ps. 95: 1 – 7. Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees, ... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Tema: "Ons en ons kinders behoort aan een en dieselfde Here." Sogenaamde geestelikes maak van die Here en sy teken, die doop, ’n ander Here en ’n ander teken! (Gal. 1: 7 – 9) Hulle maak van die Here as Herder ’n stoet- en skou-teler! Die Here is Herder soos die herders van die Bybel. Hy leef dag en nag saam met sy hele kudde, groot en klein, en bewaar en lei elkeen in sy liefde. ’n Stoet- en skou-teler is anders. So ’n persoon bly in luukse huise en ry duur karre waarmee hy sy mag en rykdom wys. Sy huis en motor is skou-stukke wat sy mag vertoon. So ’n persoon gaan koop baie keer ’n plaas met ’n stoet as skou-goed. Hoe verskil ’n kudde van ’n stoet? ’n Stoet is ook ’n groep diere, groot en klein, maar hul eienaar bly en leef nie saam met hulle nie. Hy stel arbeiders aan om hulle op te pas en te versorg. Só is hierdie stoet uitgesluit van die teenwoordigheid, die sorg, liefde en lewe saam met ’n herder. Hierdie stoet is net daar om kleintjies te maak. Wanneer hulle kleintjies maak, dan kom kyk hierdie stoet-teler eers later watter het skou-diere geword. Eers dan begin die stoetteler saam met hulle leef - by skoue om vir sy eer en mag pryse op skoue te wen. Baie predikante probeer maak vandag asof God die kerk se stoet- en skou-teler is: hulle preek dat groot en klein in die kerk aan God behoort, maar nog nie in is liefde ingesluit is as Vader en Here en Gees nie. Die kerk moet kleintjies maak en wanneer hierdie kleintjies dan eendag met bekerings, oorgawes en getuienisse wys hulle kan God se skou-kinders wees, dán eers begin Hy saam met hulle in sy liefde leef en vat Hy hulle na eredienste, kampe en byeenkomste toe om met hulle vir sý mag en eer te skou! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra

Efe. 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Ps. 95: 1 – 7. Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees, ... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Tema: "Ons en ons kinders behoort aan een en dieselfde Here." 'n Skou-dier kry 'n roset as hy/sy die mooiste en beste op die skou is. Dit is 'n mooi lint wat soos 'n groot borsspeld opgerol is en om die nek gehang word om te wys hy/sy is 'n wenner! Dit is hoe baie predikante en al die pastore met die doop en sommer selfoggemaakte rituele in kerke mee besig is. Elke keer as hulle besluit hierdie tiener het 'n mooi bekering gehad, dan mag hulle die doop of 'n ritueel as skou-prys kry om te wys wat hulle vir God gedoen het. Hulle maak van die merkteken van die Here vir elkeen in die kerk, sy kudde, 'n skou-prys vir nét die wie die mooiste en beste is. So probeer hierdie predikante en pastore van God as die Herder van sy hele kerk verander na 'n stoet en skou-teler en maak hulle van lammetjies God se bywoners wat eers sy geliefde kinders word as hulle volgens die wet van God spogkinders en skou-kinders word. Eers dán begin Hy saam met hulle in 'n persoonlike verhouding leef. Die ander in die kerk, wat nou net 'n stoet is, is uitgesluit van so 'n verhouding. So besluit geestelikes kalfies kan ingeseën word, maar nie gemerk word met die doop nie. Kleintjies inseën is soos mense wat soos beeste maak wat almal saam die kalfie kom lek en as deel van die trop aanvaar, maar keer dat die kalfie die Herder se merk kry. Nét só maak predikante wat sê kinders is in die verbond, die stoet gedoop, máár... later moet hulle rituele kry wat wys hulle is mooi spog- en skou-kinders van God. So maak hulle die doop die eerste roset van nog baie ander wat jy moet verwerf met spoggerige geestelikheid. Daarteenoor: gelowige ouers se babas word met net een doop, sonder rituele, een keer, gedoop om te wys hulle is ingesluit in die liefde van een Vader, een Here, een Gees! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.